Skriflesing: Handelinge 4:32-37; Handelinge 11:19-30
Teks: **Handelinge 4:36-37; Handelinge 11:23**
Sing- Ps.31:1,15; Ps.119:19; Ps.77:1,6; Ps.84:5

Handelinge 4:32-37

Act 4:32 En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad.
Act 4:33 En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal.
Act 4:34 Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die apostels neergelê.
Act 4:35 En aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het.
Act 4:36 En Joses wie se bynaam onder die apostels Bárnabas was—wat, as dit vertaal word, beteken seun van vertroosting—'n Leviet, van geboorte uit Ciprus,
Act 4:37 het 'n stuk grond gehad en dit verkoop en die geld gebring en aan die voete van die apostels neergelê.

Handelinge 11:19-30

Act 11:19 Die wat dan verstrooi was deur die verdrukking wat oor Stéfanus ontstaan het, het die land deurgegaan tot by Fenícië en Ciprus en Antiochíë sonder om tot iemand die woord te spreek, behalwe tot die Jode alleen.
Act 11:20 En daar was sommige van hulle, Cipriese en Cirenése manne, wat in Antiochíë gekom het en met die Griekssprekende Jode gepraat en die evangelie van die Here Jesus verkondig het.
Act 11:21 En die hand van die Here was met hulle, en 'n groot getal het gelowig geword en hulle tot die Here bekeer.
Act 11:22 En die berig hiervan het die gemeente wat in Jerusalem was, ter ore gekom en hulle het Bárnabas afgestuur om die land deur te gaan tot by Antiochíë.
Act 11:23 Toe hy daar kom en die genade van God sien, was hy bly en het almal vermaan om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly;
Act 11:24 want hy was 'n goeie man en vol van die Heilige Gees en geloof; en 'n aansienlike skare is aan die Here toegebring.
Act 11:25 Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochíë gebring.
Act 11:26 En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochíë vir die eerste keer Christene genoem.
Act 11:27 En in dié dae het daar profete van Jerusalem na Antiochíë afgekom.
Act 11:28 En een van hulle met die naam van Agabus het opgestaan en deur die Heilige Gees te kenne gegee dat daar 'n groot hongersnood oor die hele wêreld sou kom, wat ook gekom het onder keiser Claudius.
Act 11:29 En die dissipels het besluit dat iedereen van hulle na sy vermoë iets sou stuur tot versorging van die broeders wat in Judéa woon.
Act 11:30 En dit het hulle ook gedoen en dit deur Bárnabas en Saulus aan die ouderlinge gestuur.

Skriflesing: Handelinge 4:32-37; Handelinge 11:19-30
Teks: **Handelinge 4:36-37; Handelinge 11:23**
Sing- Ps.31:1,15; Ps.119:19; Ps.77:1,6; Ps.84:5

Daar is twee sake, broeder en suster, wat op twee besondere maniere vanoggend voor ons oopgemaak word. Grond en my verhouding tot grond, mense en my verhouding tot mense word in die lewe van Barnabas deel van die brandpunt in ons elkeen se lewe. Wat staan meer in die brandpunt vandag as grond en mense? Barnabas se besigheid met sy grond en die geloof wat hy rondom hierdie grond gehad het, het bepaalde verskuiwinge gehad. Wat beteken hierdie skuiwe vir ons. Daarmee saam kyk ons na hoe Barnabas in Antiochië kom en wat sy grond-geloof vir die mense in Antiochië werd sou wees.

Barnabas was eintlik net 'n bynaam, sy eintlike naam was Joses. Maar tog was Barnabas se bynaam besonders. Letterlik beteken Barnabas –*seun van vertroosting,* of dit kan ook vertaal word as iemand wat *ander mense moed inpraat*. Hopelik mag ons dit rondom Barnabas ervaar- Ons TEMA dan- *Barnabas se eie moed rondom grond en mense en hoe hy dit wou bedien deur vir ander moed te gee.*

Ons groot gedagtes sal dan wees Barnabas se grond-geloof. In die tweede plek die verskuiwing in die geloof. En in die laaste plek wat die waarde daarvan is vir ander mense.

Barnabas se grond-geloof:

Ons leer Barnabas ken as iemand wat vroeg na die uitstorting van die Heilige Gees gesien moet word as deel van daardie mense vir wie God op 'n besondere wyse gebruik het om sy Koninkryk uit te brei. Hy was iemand wat ons al voor die groot apostel Paulus moet plaas. Trouens Barnabas is die een wat menslik gesproke daarvoor gesorg het dat Paulus by ander gelowiges ingang kon vind. In Handelinge 9 waar ons van Paulus se bekering lees dan tref dit ons dat na sy bekering toe Paulus in Jerusalem kom het hy probeer om by die dissipels aan te sluit maar almal was vir hom bang en hulle het nie geglo dat hy ook 'n dissipel van Jesus kon word nie. Barnabas se woord en optrede het die deur vir Paulus oopgemaak. In v.27 lees ons hoe hy stap vir stap die mense nader aan Paulus gebring het. Barnabas sou vir Paulus moed kon gee.

Laat dit ons dan nou tref wie hierdie Barnabas werklik was? Hy was ‘n Leviet, m.a.w. iemand wat uit die stam Levi afkomstig was, soos wat ons weet Aäron in die Ou Testament ook uit dieselfde stam van Levi kom, ook Jeremia by die profete. Almal Leviete wie die goddelike bepalinge in vroegste tye bepaal het hulle geen grond-besitters mag gewees het nie, en tog, kyk hoe verander dinge! . Juis deur Jeremia se plaaskopery en Barnabas se plaas-verkopery het dit baie met hulle geloof te doen gehad…

Verder weet ons Barnabas was nie deel van Israel in die sin dat hy daar gebore is nie. Hy kom van Ciprus af, ‘n eiland daar in die Middellandse see. Barnabas se Joodse voorgeslag was emigrante wat deel vorm van groot emigrasies wat uit Israel plaasgevind het. Party weet ons het na Egipte gegaan, ander na Noord-Afrika, vandag se Tunisië, Griekeland, Italië, en in besonder in Rome, was daar baie Griekssprekende Jode. Barnabas die man van die eiland, die man wat vir Paulus die evangelie-deure moes help oopmaak, staan vanoggend in die eerste plek bekend as grond-eienaar.

***

Grond-eienaar met ‘n grond-geloof, want in Handelinge 4 se laaste vers lees ons van hom dat *hy het ‘n stuk grond gehad en dit verkoop en die geld gebring en aan die voete van die apostels neergelê.* Was dit maar ‘n gewone plasie wat hy verkoop het, of wat sit hieragter? Broeder en suster, hieragter sit die Jode se siening op die lewe na die dood. Eienaardig tog dat dit met grond in verband staan, maar aan die ander kant my siening oor lewe en dood kan ek in alle geval nooit van grond losmaak nie. *Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer is* die werklikheid by elke graf se grond.

Barnabas en almal wat van die “buiteland” kom, vir hulle was dit belangrik om in Israel en dan juis naby Jerusalem hulle eie stukkie grond te kan hê. Hierdie welgesteldes het die Ou Testament geglo dat die Messias oppad is, en spesifiek as ek sterwe dan moet ek daar naby Jerusalem op my grond begrawe word. Op dag en datum as die Messias dan kom dan gaan die grafte oop en dan wil niemand ver van hierdie Messias af wees nie. Dadelik sal hulle Hom dan in Jerusalem kan ontmoet. Só het Barnabas ook geglo. Sy siening op die lewe na die dood het hom dus sy plaasbordjie naby Jerusalem se groot borde laat ophang.

Ons weet ook dat ‘n ene Simon Jesus se kruis moes help dra op die dag wat Jesus gekruisig is. Hy was Simon van Cirene, Cirene is in Noord-Afrika, Tunesië. Dieselfde met hom as met Barnabas. Hy het juis van sy veld af gekom, die stad in, die dag toe hulle Jesus uitgelei het om Hom te kruisig en het ons vasteland Afrika in Simon die eerste direkte kontak met Christus se kruis kon maak. Barnabas, Simon van Cirene u sien hoe hulle, hul Messias-geloof laat werk het. Hulle gronde lê daar digby Jerusalem en glo hulle op die dag van die Messias se koms, al het hulle gesterwe, sal hulle opstaan en wil hulle as’t ware op hulle eie lande staan om hierdie koms mee te maak. Ons kan praat van hierdie is eintlik ‘n besondere geloof, dié geloof oor die lewe na die dood. Maar by Barnabas sien ons, broeder en suster, hierdie grond-geloof het geskuif. Ons tweede gedagte is dan ook wanneer Barnabas sy grond verkoop, dan is dit eintlik ‘n verskuiwing van siening.

‘n Verskuiwing in die geloof:

Hierdie verskuiwing sit ons agter ‘n geweldige saak nl. waarin glo ek en jy. Glo ons in die lewe ná die dood of moet ons nie eerder ‘n bietjie beter kyk na die lewe vóór die dood nie. Grond wat vir ons almal baie kosbaar is, maar besef ons dat geloof vir ons nog meer kosbaar moet wees. Hoekom laat die Here in ons tyd grond en geloof ‘n taal met mekaar praat wat nie altyd vir my maklik is om te verstaan nie, maar tog praat grond-eise met so baie van ons mense, en wat sê hierdie eise van ons geloof. Wil die Here vir ons wys dat die grond is relatief! Daar waar ons dink om te staan of te val, is nog nie die werklike akker waarbinne ons moet staan of val nie. Die kerklike akker en die grond akker moet nader na mekaar gebring word. Dalk ‘n moeilike vraag, moontlik iets om nie vandag te kan antwoord nie, maar begin reeds te dink. Bring my grond-beskouing vir my ‘n kerk-beskouing, of moet my kerk-beskouing nie eerder my grond-beskouing beheers nie.

Barnabas se kerk-beskouing het hom in ‘n sekere sin sy grond laat verkoop. Dadelik voeg ek by, dit is nie wat die Here in die algemeen van ons verwag nie, maar tog is dit wat kan gebeur as die Here ‘n suiwere kerk daar wil stel. In Barnabas se lewe wil die Here vir ander mense moed gee, dit sê sy naam- *seun van vertroosting*-, en daarom soek ons in die Here se Woord na hierdie troos, hierdie moed in Barnabas, wat ons so nodig het.

***

Toe Barnabas waarlik besef dat die Messias waarna die Jode so almal na verlang is Jesus Christus en Jesus het definitief gekom, toe het die grond nie meer vir hom dieselfde waarde gehad as voorheen nie. Barnabas het waarlik in Jesus begin glo, hy word selfs ‘n voorganger vóór Paulus, die grootste sendeling nog ooit, en al Barnabas se hoop en verwagtinge het in Jesus vol geword. Daar het deur die Heilige Gees ‘n verskuiwing gekom, om nie maar net te kyk op die lewe na die dood nie, maar kyk eerder baie mooi na die lewe vóór die dood, want dan kyk ek op ‘n besondere manier na Jesus, en ek kyk in besonder ook na sy kerk.

In Jesus weet ‘n mens dinge, wat jy andersyds nooit sal kan weet nie. Jy weet dat jou toekoms is gewaarborg, jy weet dat jou geld, en jou goed, en jou grond is jy wel nog rentmeester, maar net rentmeester, dis nie joune nie, dit is die Here s’n. Wanneer ek te veel dink, of ‘n volk dink, dit is myne, dan mag ek dit dalk verloor. En verloor ek dit, die seer daarvan maak seer, maar dit is wat gebeur. Die aardse lewe moet vir ‘n mens meer en meer betreklik word, m.a.w. ek moet weet (al wil ek baie keer nie!) ek is maar net ‘n trekker hier, iemand oppad, ‘n vreemdeling en bywoner, ons eintlike huis en tuiste, ons finale woning is nie nou hier nie. Betreklik ja, want grond word relatief, ek kan dit verloor, maar Jesus mag my nie verloor nie.

My siening *van* die lewe voor die dood moet gerig raak *op* die LEWE voor die dood, op Jesus Christus Self! Hy lewe, en dit moet ek waarlik glo! Alles wat ek dan is en het, plaas ek in verhouding tot Hom, Jesus Christus. As Barnabas Jesus meer kan eer deur eerder van sy grond af te stap, dan doen hy dit. Die geld aan die voete van die apostels beteken nou meer, as wat die grond vir hom nog werd kon wees. Hy dra as’t ware sy eienaarskap oor. In belang van medegelowiges in die kerk in Jerusalem, ja ter bevordering van armes se lewensomstandighede kon die apostels met hierdie geld na sulke belange kyk.

Dit alles omdat een man deur God geroep is, om nog voor hy weer sou wonder hoe lyk die lewe na die dood, het hy kon sien die lewe voor die dood. Hy kon weet daar is ‘n

lewe na die dood, juis omdat daar ‘n lewe voor die dood is. En van hierdie verskuiwing moet ons in die laaste plek nog mooier kyk na die waarde vir ander mense.

In werklikheid gaan dit om die waarde vir die kerk.

Van Handelinge 4 na Handelinge 11 sou ons dikwels nog weer van Barnabas kon hoor. Tussen hom en Paulus was daar ‘n besondere band, ongelukkig later ook ‘n hartseer band, maar nog steeds kon dit niks wegneem van die besondere bydrae wat ook Barnabas op lang paaie saam met Paulus gestap het nie. In die uitbreiding van God se koninkryk gaan dit baie nou gepaard met die kerk en die kerk wat na binne en buite moet groei. Die koninkryk bring die kerk voort. En daarbinne is Barnabas soos een wat goed geweet hoe hy na die kerk moet kyk. Want al bring die koninkryk die kerk voort dan is die kerk alleen daar om juis weer die koninkryk sigbaar te maak.

Vanuit die kerk moet die koninkryk verkondig word. En met hierdie wisselwerking tussen koninkryk en kerk en kerk en koninkryk het dit ook gebeur dat Barnabas, die man met die toenmalige stukkie grond nou kerk moes wees nie net meer in en naby Jerusalem nie, maar ook so ver soos Antiochië.

Ons lees dat die gemeente in Jerusalem het Barnabas na Antiochië toe gestuur (hy het nie maar sommer uit sy eie daarnatoe gegaan nie). En met Barnabas se besondere gawes, selfs ook profetiese gawes, word hy waarlik geken as een wat sy bynaam is- man wat moed gee- een wat ander mense moed inpraat. In Antiochië was daar ‘n netelige saak rondom mense wat nie Jode is nie, maar tog gelowiges wil wees. Dat dit nou ‘n probleem moes wees, kan mens baie keer vandag nog van praat.

As ander volke se mense ook die blye boodskap van God hoor en daar is bekering en hulle moet ook kerk van God word, dan is die geneigdheid maar nog altyd daar om te wil vra maar wat van ons eie identiteit? Vir die Jode was dit baie vreemd om te moes aanvaar dat die Grieke kan ook kerk van die Here Jesus wees. Jerusalem was bekommerd dat Antiochië nou hierdie tipe Christene ken en het hulle eintlik vir Barnabas gestuur dat hy moet gaan kyk wat besiel hulle om sulke mense as deel van die kerk van

die Here te beskou. Die Jode is mos God se volk, uitverkore volk, en het hulle hul ordes en reëls wat nou lyk in Antiochië nie meer geld nie.

Barnabas kom daar in Antiochië en watter verrassing is dit vir hom. Hy was eintlik seker anders voorberei, maar die wonderlike wat hy ontdek is dat dit goed gaan in Antiochië. Ons lees in Hand.11:23 dit wat hy sien- *Toe hy daar kom en die genade van God sien, was hy bly en het almal vermaan om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly.* Barnabas sien wat nie werklik altyd sommer net sigbaar is nie nl. God se genade. Dit verg begenadigde oë om begenadigde mense raak te sien. In Handelinge 15 sien ons as die oë nie begenadig is nie, want daar was ook ander mense wat na dieselfde gemeente kom kyk het, en hulle slotsom is so anders. Hulle was Judaïste, wat die besnydenis voorop gestel het, en met groot verontwaardiging en verset het hulle Antiochië se gemeente aangeval omdat hulle nie die besnydenis as wet van Moses onderhou nie. Dit is manne wat selfs die eerste nasionale sinode laat saamkom om hierdie probleme soos hulle dit ervaar het te moet oplos terwyl Barnabas hiervan nie getuie gemaak sou kon word nie.

Sy oë waarmee hy gekyk het, is nie om fout te vind, en af te maak en om te inspekteer en om te vergelyk nie, maar om te doen wat sy naam al lankal is. Om ander mense moed te gee en moed in te praat. Met sulke oë kyk hy en hy sien die onsienlike nl. God se genade. Dit is wat geloof tog is- Hebreërs 11:1- *Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n <u>bewys van die dinge wat ons nie sien nie.</u>* Barnabas het die bewys, want hy word bly. Ons lees …*toe hy… die genade van God sien, was hy bly*… Hierdie gemeente in Antiochië word al groter en watter blydskap moes dit nie vir hom opsigself wees nie. Die oomblik as mens nog kan bly word oor God se genade dan verstaan jy hoekom genade en blydskap so baie keer in die Nuwe Testament langs mekaar genoem word, en dit deel selfs dieselfde Griekse stam. Dit werk soos met 'n rivier. Genade is die oorsprong van die rivier en blydskap is die stroom van die rivier.

Maar nou is dit ook só, party mense is bly, ander brom en kriewel van ongemak (Hand.15 se mense). Die oomblik as die ander uit Jerusalem daar kom dan wil hulle slange vang. Hoe nou? Kyk eers na jouself om in jouself met God die antwoord te vind van moet ek

genade sien of wil ek dit nie sien nie. Soos genade en blydskap met ‘n rivier vergelyk kan word, so kry mens die ander mense by dieselfde rivier wat heeltyd teen die opdrifsels aan die kant van die rivier vasstaar en sien hulle nooit die helder stroom wat tog besig is om in die middel van die rivier te vloei nie.

Dit is nie dat Barnabas met alles tevrede is nie, alles behalwe. Ons lees dat *hy het hulle ook vermaan om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly.* Die kern is weer, kyk met begenadigde oë, en jou hart moet in jou geloof wees. Anders as ek nie met my hart my geloof uitleef en met my hart in die kerk van die Here is nie, dan is ek beslis besig om baie ver van die koninkryk van God weg te dwaal, al sit ek dalk nog in die kerk. Kerk wees moet ‘n hartsaak wees….*’n hartlike voorneme…om aan die Here getrou te bly.* Ons hart is die sentrum van ons gevoelens ons besluite, ons houding, selfs ons houding teenoor God. Soos dikwels vantevore gesê moet ons besef as godsdiens net uiterlik is, dan lei dit tot niks en is werklik swaar om by te kom.

Ons sluit dan af, as gemeenskap van heiliges het Barnabas ook geweet hy kan nie alles alleen doen en reg doen nie. Daarom laat hy ook vir Paulus haal, hy sal hom in Tarsus loop haal (v.25). In die gemeente het ons nie verniet ‘n kerkraad nie, ons het nie verniet ‘n gemeenskap van heiliges vanoggend bely nie, ons moet dit dan ook uitleef deur na mekaar se belange om te sien, mekaar te bemoedig, mekaar te vertroos. Barnabas kon dit doen, al het hy van sy grond moes afskeid neem. Barnabas- seun van vertroosting... is jy dit, is jy wel een wat ander wil bemoedig of wil ons altyd alles en almal in die grond inpraat, i.p.v. positief moed in te praat. Moed is geweldig belangrik in ‘n kerk, moedeloos is verskriklik wanneer ’n mens in die bediening moedeloos begin word. Dit is wonderlik wat dit is om die genade van God te sien, dan sal ek selfs ‘n transaksie met grond ervaar as ek moet nie wil ophou om te glo in die lewe vóór die dood nie, en om goed te wil doen nie, en om dan ook uit te sien, werklik die lewe ná die dood.

AMEN